

Cachet-
biljet


CACHET
GEREFORMEERDE KERK

13 Junie 2021



www.gkcachet.org.za

Afrikaanse ErediensteSondae 09:30 en 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op
NWU Kampus, Hoffmanstraat 28

English Worship ServiceSundays 10:45

In the Church House on the
NWU Campus, 28 Hoffman Street

KerkkantoorDinsdae en Vrydae 08:30-12:00

Lulu Coetsee – 018 294 4894;
079 4949 7360

Predikant

Ds Brahm Robinson – 064 656 1374;
brahmrobinson@gmail.com

Kontakpersone & Inligting **Pastorale berader:**

Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

Hulppredikante:

Prof. ("Net Oom") Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

Susters:

Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):

Schalk Buys – 063 679 7071
cachetdiakonie@gmail.com
ABSA Tjekrekening: 0670280012

Koster en PowerPoints:

Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

Jubila-voorsitter:

Estmia van der Walt – 078 625 7400
estmia.hm@gmail.com

Vervoer na eredienste en kerkkassies:

Stephan Oosthuizen –
084 350 1569

**Stuur enige inligting vir die Cachetbiljet na:**

Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

Erediens preke en oordenkings:

<http://gkcachet.org.za/preke/>

**Bankbesonderhede:**

Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van

Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:

<https://npwepener.wixsite.com/website>





Oggenddiens

Ds Brahm Robinson

Skriflesing: 1 Johannes 4:7-21

Tema: God se ware liefde wek liefde en gee volmaakte troos



[Uitsending](#)

Aanddiens

Prof Albert Coetsee

Skriflesing en belydenis: 1 Johannes 2:28–3:3; HK Sondag 9

Tema: Ter wille van Christus is God my God en Vader!



[Uitsending](#)



Preekskets (Aanddiens)

Elke Sondag bely ons die woorde: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde". Met hierdie belydenis dink ons uit die aard van die saak aan God se skeppingswerk. Hy is die Skepper van hemel en aarde wat alles uit niks gemaak het. Hy is ook die Een wat vir sy skepping sorg. In sy voorsienigheid sorg Hy vir alles.

Tog bely ons met hierdie woorde soveel meer. Ons bely dat God ons Vader is. Die ewige Vader van ons Here Jesus Christus ... wat die hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het ... en deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer ... is ter wille van sy Seun Jesus Christus my God en Vader.

Dit word onder andere vir ons geopenbaar in 1 Johannes 3, en dit word mooi saamgevat in HK Sondag 9. Vanuit ons Skrifgedeelte hoor ons:

- 1. In sy groot liefde noem God ons sy kinders**
- 2. Ons troos en oproep as kinders van God**

gedagte vir die week


Verkondig nou sy roem en eer
by al die nasies, onder
die volke: sterkte en wonder;
want groot, lofwaardig is die HEER.
Vreeslik in heerskappy
bo al die gode is Hy.

Psalm 96:2 (Totius)



Lief en Leed:

† Ons is baie dankbaar saam met al ons lidmate wat herstel
het van die Covid-infeksie (Ps. 108:2). Sterkte aan die wat
nog siek is! (Ps. 41:4)




Liefdegawes:



Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir die eerste kollekte:



<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>

Oggend 1ste kollekte:
Teologiese Studentekas

EFT vir kollektes:

GK Cachet diakonie

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Teologiese Studentekas
(deponeer elke kollekte apart)

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir tweede kollekte:



<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>

Aand 2de kollekte:
Ramings

EFT vir kollektes:

GK Cachet diakonie

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Ramings
(deponeer elke kollekte apart)

Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:

Snapscan vir maandelikse bydraes:



<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I>

ABSA Tjekrekening
0670340023
Takkode: 335138
Verwysing: Naam, van en wyk

VERJAARSDAE:

11 Junie Hanru Jansen van Vuuren

17 Junie Anneke Engelbrecht

12 Junie Wikus Opperman

17 Junie



12 Junie Barend van der Westhuizen

*Toe het die HEER my rougeklag
verander in die jubelreie
van sangers op hul feesgetye.*

Psalm 30:7c

13 Junie Anneke van der Walt

13 Junie Wian Wiersma

17 Junie Luther Baaitjies



Administratief

1. Ampsdraers

Broeders Petrus Vorster, Daniël Erasmus, Nico Snyman, Stephan Oosthuysen en Pierre Labuschagne word DV Sondag tydens die aanddiens in die amp van diakens bevestig.

2. Toerusting

Daar sal Sondagaand ná die aanddiens 'n toerusting opname wees oor die geskiedenis van die Afrikaanse Psalmomdigtings. Die opname is deur Philip Wepener gedoen en sal op Youtube beskikbaar wees.

3. Bevestiging van Ds Noah Kim

Ds Noah Kim se bevestiging sal DV op 27 Junie plaasvind tydens die oggenddiens. Dit sal 'n gesamentlike diens wees wat om 10:00 begin.

kom sing saam en
geniet die
kampvuurkuiers
**ONS HOU 'N
LOFSANG-
AAND,
WANT
CACHET
WORD 50!**

Donderdag

18h30

17 Junie

By die GS



**Sop en
broodjies
word
voorsien**



CACHET BUCKET LIST



NEEM DEEL AAN CACHET SE BUCKET LIST WEEK DEUR FOTO'S VAN JOU ENTOESIASTIESE DEELNAME OP WHATSAPP EN INSTAGRAM TE PLAAS. DIE KREATIEFSTE PLASING WEN 'N PRYS!



1

MAANDAG

Deel met ons op sosiale media hoe jy poeding in 'n koppie maak & skaakel in oor Zoom vir virtuele Koffiekring.

2

DINSDAG

Neem deel aan 'n aksie op Cachet se Discord!

3

WOENSDAG

Witness the Fitness: wys vir die res van die Cachetters hoe jy aktief bly in die winter.

4

DONDERDAG

Cachet word 50!
Lofsangaand @ die GS



gkcachet



Fondsinsameling: Cachet Bouprojek

Liewe gemeente,

Ons wil graag ons GS klaar bou deur die gedeelte agter die preekstoel uit te breek. Die spasie sal sodonde verdubbel word. Dit behoort ongeveer R350 000 te kos. Hoewel dit na baie klink, vertaal dit na R200 per lidmaat per maand vir die volgende vyf maande. (Moet asseblief nie dat dit jou bydraes afskeep nie.)

Ons vra elke lidmaat om ons asseblief hierin te ondersteun. As elkeen sy deeltjie doen is dit eenvoudig. Ons besef dat dit nie altyd moontlik is vir studente nie, maar vra daarom asseblief vir die oom of tannie wat altyd graag help. Hulle kan gerus ook meer gee, aangesien ons ook nog die binnekant moet afrond waarvoor daar nog nie begroot is nie.


Die rekening vir die boufonds is die volgende:

Filadelphia

ABSA Tjekrekening

679230085

Tak 632005



Krale vir 'n Kalahari-orrel

**Die kerkorrel van die
Gereformeerde Kerk in Upington
kort dringende herstelwerk.
Die gemeente trek reeds swaar!
Kom ons sit hand by!!**

Skenk daardie krale, hangertjie, armband of ring wat jy nie meer dra nie, maar nog mooi genoeg is om 'n ander dames se hart opgewonde te maak. Die susters van Upington sal hierdie krale netjies verpak en van die hand sit... om kraal vir kraal die R120 000 in te samel om hul orrel te red!!



Kontak vir

Lolita Benson in Potchefstroom 071 381 9964

Annette Schoeman in Pretoria 082 2122 479

Renate van Blerk in Upington 072 4321 329



Jongmense benodig 'n morele kompas


Liewe Vriend

Ons kan aan geen beter manier dink om Jeugmaand te herdenk as om jongmense met 'n morele kompas toe te rus wat hulle in die regte rigting kan stuur ongeag die situasie waarin hul hulself bevind nie.

Soos daar in Psalm 119 geskryf staan, is daar net een manier hoe 'n jongmens sy of haar lewenspad suiwer kan hou en dit is om by die woord van God te hou. Om gehoorsaam te wees aan die woord van God moet hulle egter weet wat daardie woord sê. Dit is hoekom toegang tot die Bybel van kardinale belang is. Dink jou in watter verskil jy kan maak deur 'n Bybel in 'n jongmens se hand te plaas en dan daardie lewe voor jou oë te sien verander.

Die *Good News Translation (GNT)* Bybel wat ons tans teen 'n afslagprys van slegs R43 aanbied, is die ideale Bybel om vir uitreikaksies en evangelisasiegeleenthede, soos sokkombuise en straatbedienings, te gebruik.

Hierdie Uitreikbybel bevat ook die "*Help! How should I read my Bible?*" boekie wat die belangrikheid van die Bybel vir nuwe lesers verduidelik en hulle ook help om hul weg deur hierdie gewigtige boek te vind.



Hierdie spesiale aanbieding van R43 per Bybel is slegs vir 'n beperkte tyd geldig, so koop vandag nog jou Bybels. Gee 'n Bybel en help 'n jongmens om die woord van God te hoor.

Wees 'n saaiër van hoop.

[Koop hierdie Bybel nou](#)

Vir meer inligting oor hierdie of enige ander publikasie van die Bybelgenootskap, skakel met ons verkoopspan by sales@biblesociety.co.za of WhatsApp 076 415 1752.

Opregte seënwense

Minette Jansen van Veuren
verkoopbestuurder



SINODALE DEPUTATE: BYBEL
van die
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika



Anemoonweg 8, Glen Marais | Posbus 2002, Kempton Park, 1620 | dekker@biblesociety.co.za | Tel: 011 970-4010 | Faks: 011 970-2506
Maatskappy sonder winsoogmerk | maatskappy registrasieno 2008/007505/08

07/06/2021

Beste Broeders en Susters,

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) bied met dankbaarheid die tweede Virtuele "Draf/Stap/Fietsry vir Hoop" aan op DV 21 en 22 Augustus 2021. Elke deelnemer se inskrywingsgeld van R100 is 'n bydrae tot ons **2 Miljoen Bybels projek**. Daarmee word elke deelnemer 'n SAAIER van HOOP.

Daar is verskillende maniere waarop jy kan deelneem.

1. Individuele inskrywings

Jy registreer en betaal elektronies op die inskrywings-platform. Gebruik die volgende skakels vir toegang:

- Webblad: <https://www.modernathlete.co.za/event/virtual-run-cycle-for-hope/>
- of
- Facebook: <https://fb.me/e/4j1OK1ohV?ti=wa>

Maak 'n keuse vir "Gereformeerde kerk" want dan word jou inskrywingsgeld aan die GKSA gekoppel. Dit sal ons by die BSA in staat stel om daarvoor erkenning te gee in ons verslag aan ons Kerke.

Individue neem op die tyd en plek van hulle keuse deel.

Jy kan nou registreer aangesien die registrasie-platform reeds geopen het.

2. Groep inskrywings

Gemeentes, klubs en ander groepe kan van 'n massa-inskrywing gebruik maak. Enige inskrywing van tien of meer deelnemers geld as 'n massa-inskrywing. Dit werk so:

- Maak 'n opname van hoeveel lede van die gemeente of groep gaan deelneem
- Stuur 'n epos na info@modernathlete.co.za met 'n versoek vir 'n massa inskrywing van die aantal deelnemers.
- Modern Athlete sal 'n betalingsversoek stuur wat die gemeente of groep dan namens almal betaal.
- Sodra die betaling gemaak is, stuur Modern Athlete 'n kodebewys wat die deelnemers dan moet gebruik om **steeds self te registreer op die platform** maar sonder om te betaal.

NOTA: Hierdie is 'n goeie manier vir gemeentes om 'n projek daarvan te maak en so 'n bydrae vir die Bybelgenootskap in te samel. Gemeentes kan dalk die Saterdag of selfs die Sondag na die diens somer om die kerk stap. Die fondse deur die Groepsinskrywing sal dan ook as 'n bydrae vir Bybelverspreiding erken word vir die gemeente.

Gemeentelede wat familie en vriende oorsee het, ongeag in watter land, kan hierdie inligting vir hulle stuur en nooi om deel te wees van die opwindende projek. Koppel hulle selfs aan julle gemeente se groepbespreking of natuurlik kan hulle as individue ook deelneem.

3. Geleentheid by Bybelhuise

Op Saterdag 21 Augustus 2021 vind daar DV 'n Bybelstap by elkeen van die Bybelhuise regoor Suid-Afrika plaas. (Kaapstad & Kempton Park & Bloemfontein & Port Elizabeth & Durban) Deelnemers wat graag daaraan wil deelneem, kan daarvoor registreer deur die opsie daarvoor op die inskrywingsplatform (vgl punt 1 hierbo) te kies.

4. 2-Miljoen Bybels

Die fondse wat op die wyse ingesamel word, sal die Bybelgenootskap in staat stel om voort te gaan met die vertaal en druk van die Bybel en om net nog meer Bybels te kan versprei in Suid-Afrika en 2-miljoen Bybels in mense se hande te plaas wat dit broodnodig het.

Neem asseblief kennis dat elke poging en proses om van die geleentheid 'n sukses te maak, word opreg waardeur. My gebed is dat die Here elkeen van julle, julle hartsmense en gemeente lede ryklik sal seën.

Hartlike Bybelgenootskap groete

Hennie Dekker – In diens van die Woord.

BYBELGENOOTSKAP

HD/fvv/

GK Cachet Kalender: Junie 2021



Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
Mei 30	31	1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14 Eksamen begin	15	16 Jeugdag	17 GK Cachet word 50! Lofsangand	18	19
20 Vadersdag	21	22 Koffiekroeg	23	24	25 Skole sluit Klere- en worsbrood- jje verkope	26
27	28	29	30			